## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

## ACIM 26 Mei 2014 (19h30) — Stad
## ACIM 22 Mei 2014 (19h00) — Kolping

### ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

____________________________________________________________

E-Mail___________________________________ Sel______________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| | |
|---|---|
| **Bankrekening vir bydraes**<br>**ABSA: Neo-Spektrum**<br>Takkode: **632005**<br>Rekening: **4083481065** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

**18 Mei 2014**

## PSALM VIR ELKE DAG

### — THE OVERVIEW EFFECT —

## STILTE IN DIE KAPEL

~ IF IT BE YOUR WILL — LEONARD COHEN ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Here, leer my hoe om u voorskrifte uit te voer,*
*sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou.*
*Gee my insig, dat ek u wet kan gehoorsaam*
*en dit met my hele hart kan onderhou.*
*Laat my wandel volgens u gebooie,*
*want daarin vind ek vreugde.*
*U verordeninge, laat dié my na aan my hart lê,*
*nie die begeerte om myself te verryk nie.*
*Weerhou my van 'n nuttelose lewe,*
*laat my leef op die weg wat U aanwys.*
*Vervul ook aan my die belofte*
*wat U gegee het aan dié wat U dien.*
*Die venyn van mense, daarvoor is ek bang,*
*moenie dat dit my tref nie maar u bepalings, dié is goed.*
*Ek wil u bevele nakom.*
*Hou my in die lewe, want U is getrou.*
*Bewys aan my u troue liefde, Here.*
*(Psalm 119:33-41)*

**- STILTETYD -**

## — Lees: Psalm 139:1-14 —

Here, U deursoek en ken my.
U weet wanneer ek sit en wanneer ek opstaan;
U verstaan my gedagtes van vêr af.
U bepaal my reis en waar ek my neerlê;
en U is intiem bekend met al my weë.
Selfs voor daar 'n woord is op my tong, kyk, U weet dit alles.
U omsluit my van agter en van voor, en lê U hand op my.
Sulke kennis is te wonderlik vir my;
dit is te hoog vir my om te begrip.
Waarheen sal ek gaan vanaf U Gees?
Waarheen sal ek vlug weg vanaf U teenwoordigheid?
As ek opvaar na die hemel, is U daar;
as ek my bed maak in die doderyk, U is daar.
As ek die vlerke vat van die dagbreek;
as ek woon in die mees afgeleë gedeelte van die see
Selfs daar sal U hand my lei en sal U regterhand my vashou.
As ek sê, "verseker gaan die duisternis my oorweldig
en die lig om my sal nag wees"
Selfs die duisternis is nie vir U donker nie en die nag is so lig soos die dag,
duisternis en lig is dieselfde vir U.
U het my binnegoed gevorm, my aanmekaargeweef in my moeder se skoot.
Ek sal U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Wonderlik is U werke en my siel weet dit al te goed. (direkte vertaling)

---

**Uitverkiesingsleer** — *Protestantse Leer dat God vooraf besluit wie gered sal word*
**Predestinasieleer** — *Alles word vooraf besluit en daarom die 'Wil van God'*

---

- Listen to your inner guidance system
- Identify you patterns
- Surrender to God
- Sing your song

דֶּרֶךְ יְהוָה — *derek JHWH: towards, way, journey, direction, (Tao of God)*

θέλημα τοῦ θεοῦ — *thelema toe Theo: desire (pleasure), splendour, delight*

### Hoekom doen ons nie wat ons sê nie?

*Wil van ons hande en voete*
*Wil van ons tong en ons lippe*
*Wil van ons oë en ons gedagtes*
*Wil van ons hart en ons siel*



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ Mysterious Wall — The Flashbulb ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Loof die Here, want Hy is goed.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*Loof die God van alle gode.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*Loof die Heer van alle here.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*Hy het die hemel met soveel insig gemaak.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*Hy het die aarde op die waters gevestig.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*Hy het die groot hemelligte gemaak,*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*die son om te heers oor die dag,*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*die maan en die sterre om te heers oor die nag.*
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
*(Psalm 136:1-9)*

---

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ Fly On — Coldplay ~